

Kollegialisme*

A le R du Plooy, Potchefstroom

ABSTRACT

Collegialism

The theoretical basis of collegialism was developed during the 17th and 18th centuries. During the 19th and 20th centuries the principles of collegialistic church polity were implemented in various countries, i.e. the Netherlands (from 1816) and South Africa (from 1804). Collegialism was influenced by a number of philosophies, i.e. deism, the Aufklärung, rationalism, and ideas from the French revolution and nature law.

*The church was regarded as a *societas aequalis et libera*. It was a voluntary association of individuals. The offices in the church acted merely as officials executing the vote of the majority. They received their mandate and authority from the members of the church. Authority rested in the social contract among the individual members.*

1. INLEIDING

Kuyper (1935/36:19) maak die veelseggende stelling dat die kollegialistiese stelsel eintlik geen stelsel van kerkregering is nie, omdat dit die kerk tot 'n menslike vereniging gedegradeer het.

Die kollegialisme is inderdaad andersoortig; alle ander erkende stelsels van kerkregering erken en handhaaf in 'n mindere of meerdere mate die Christus-regering in die kerk, maar die kollegialisme misken die Hoofskap van Christus oor sy sigbare kerk sowel as die unieke aard van die kerk as die liggaam van Christus.

Schlaich (1969:302) se konklusie is dat die kollegialisme deur 'n groot aantal rigtings en strominge beïnvloed is – veral gedurende die sewentiende en agtiende eeu. Daar was toe heelwat filosofiese ontwikkelinge en geestesstrominge wat op een of ander wyse 'n beslissende rol gespeel het in die vasstelling van die wesensaard van die kerk en by die worstelinge oor die subjek in die regering van die kerk.

Die *ius divinum* is deur die *ius humanum* verdring en die organiese band tussen die Christologie en die ekklesiologie is van mekaar losgemaak – vanweë die verskraalde Christologie en rasionalistiese denke van die agtiende en negentiende eeu (Pont, sj:132 ev). Teoloe en kerke het onder invloed van die magtige Aufklärung en groot filosowe gekom. Dit was die oorsaak daarvan dat die kerk in die eeue na die reformasie grootliks ook die slagoffer van die gees van sy tyd met sy eie geestesstrominge geword het (Schlaich, 1969:17-22).

* Gelewer voor Kerkhistoriese werkgemeenskap van Suid-Afrika; 23 en 24 Januarie 1989 te Potchefstroom.

Terwyl die teoretiese grondslae van die kollegialisme hoofsaaklik gedurende die sewentiende en agtiende eeu gelê was, is die beginsels van die kollegiale kerkreg veral in die negentiende en selfs in die twintigste eeu wyd toegepas (De Wet, 1921:21-22). Dit het groot spanninge en selfs skeuringe in die gereformeerde kerke veroorsaak, byvoorbeeld in Nederland en in Suid-Afrika (Bouwman, 1928:3-4; Van der Vyver, 1958:231, 233, 487; Van der Walt, 1976:113; vergelyk ook Kleynhans, 1973:135-137).

Die nawerkinge en invloed van die kollegialisme in die huidige tydsgewrig is steeds merkbaar, en vanuit kerkregtelike hoek is dit noodsaaklik dat ons ons teties en krities deeglik sal vergewis van hierdie sisteem wat homself as 'n stelsel van kerkregering aangedien het.

Die onderwerp sal aan die hand van die volgende skema behandel word:

- ★ die naam kollegialisme;
- ★ die teoretiese/filosofiese grondslae en ontstaan van die kollegialisme;
- ★ kursoriese opmerkings oor die toepassing van die kollegialisme;
- ★ kritiese evaluering van die kollegialistiese kerkbegrip, gesagsbegrip en ampsbegrip

2. DIE NAAM KOLLEGIALISME

Die naam kollegialisme is afkomstig van die “grossen Meister des evangelischen Kirchenrechts, Just Henning Boehmer” wat in 1736 van “*system collegiale*” gespreek het (Schlaich, 1969:13). Die begrip kollegialisme was bedoel om die standpunte in die tyd van die Aufklärung oor die kerk, kerkreg en die verhouding kerk - staat samevattend weer te gee (Schlaich, 1969).

Boehmer het op sy beurt die kollegiale sisteem by die grondleggers daarvan, naamlik Pfaff (1686-1760) en Mosheim (1694-1755) gekry. Hierdie teologie is sterk beïnvloed deur die denke en dogmatiese sieninge van Pufendorf (Schlaich, 1969).

Die naam kollegialisme is gevorm uit die woord *collegium* wat vereniging (liggaam of korporasie) beteken.

Die naam *collegium* het in die Romeinse staat ook 'n juridiese betekenis gehad: die term *collegia licita* het volgens die Romeinse reg die betekenis van geoorloofde vereniginge gehad. Onder vereniginge is ook die kerk gereken en as sodanig het die kerk regs persoonlikheid gehad, veral met die oog op begrafnisse. In die tyd van vervolging gedurende die eerste drie eeue van die kerk was die kerk egter meestal beskou as *collegia illicita* (Kuyper, 1883:51; Kuyper, 1935-36:20).

Die begrip kollegialisme is aan hierdie juridiese betekenis van die kerk as 'n vereniging ontleen, en die kerk word deur die regsgeleerdes deur hierdie bril beskou (vergelyk Geldenhuys, 1951:341 ev: in die privaatreg word die kerk beskou as “a voluntary association”).

3. DIE TEORETIESE/FILOSOFIESE GRONDSLAE EN ONTSTAAN VAN DIE KOLLEGIALISME

De Wet (1921:23, 28) het teenoor Rieker se standpunt dat die kollegialisme sy oorsprong in die calvinistiese predestinasie-leer sou hê, oortuigend

aangetoon dat dit nie die geval is nie. Verder meen De Wet tereg dat die kollegialisme veeleer 'n plant van Lutherse bodem is, maar tog nie geheel en al daarop gebaseer is nie. Dit het goeie aansluiting by die Lutherse lyn sedert die reformasie gevind, maar was tog ook 'n reaksie teen die bestaande kerkregtelike stelsels in dieselfde kerk.

Hierdie reaksie is veral bepaal deur die tydsgees wat met die Renaissance begin het; die kollegialisme is verder gestimuleer deur die deïsme in Engeland, die Franse Rewolusie, die naturalisme in Nederland en eindelik deurslaggewend beïnvloed deur die Aufklarung van die agtiende eeu (De Wet, 1921:1-2).

Die kollegiale kerkreg het gedurende die Aufklarung van die agtiende eeu opgekom. Dit het sy wortels in die sewentiende eeu gehad en sy vrugte in die negentiende eeu welig gedra (De Wet, 1921:2).

Die Aufklarung was volgens die definisie van Kant “der Ausgang des Menschen aus seiner selbstentschuldeten Unmündigkeit” – 'n beweging wat sterk in reaksie was teen die konfessionalisme en dogmatisme en wat alle tradisie en gesag omver wou werp. In die plek daarvan – onder invloed van die rasionalisme – is die Rede verabsoluteer en alles daaraan ondergeskik gemaak (De Wet, 1921:2; Geldenhuys, 1951:30).

In die godsdiens mag alleen die Rede geld; die Skrif is onder die soeklig van die *Ratio* geplaas. Op die gebied van die staatkunde was die gesag van sy goddelike oorsprong losgeruk en vervang deur die soewereiniteit van die volkswil (De Wet, 1921:4-5).

Die rasionalisme van die agtiende eeu asook die pietisme wat in sy reaksie teen die konfessionalisme van die Lutherse ortodoksie selfs bondgenoot van die rasionalisme was, het al hoe meer losgeraak van God en sy Woord en al meer mensgerig geword.

Die Christologiese en bedieningsentriese benadering wat in 'n mindere en meerdere mate die kenmerk was van die ander stelsels van kerkregering moes hiermee ook plek maak vir 'n kerksentriese en mensgerigte benadering, omdat die ekklesiologie van sy Christologiese wortels vervreemd geraak het.

In die regswetenskap het die humanistiese rasionalisme onder leiding van Hugo de Groot en sy natuurregsgleer groot invloed uitgeoefen. Stahl (De Wet, 1921:8) verduidelik dat die kern van die natuurreg nie soseer sentreer in die soewereiniteit van die volk nie, maar in die soewereiniteit van die enkeling of individu. Die natuurreg van De Groot glo dat die staat as volkome vereniging tot stand kom op grond van 'n verdrag wat individue met mekaar sluit. Die staat en ook alle ander verenigings, waaronder die kerk gereken moet word, ontstaan op dieselfde wyse, naamlik deur vrywillige verdrag en individue. So is nie net die staat nie, maar ook die kerk van sy goddelike oorsprong losgemaak (De Wet, 1921:6; Kuyper, 1935-36:20; Bouwman, 1928:3).

Hierdie denkkeelde waarvolgens die kerk 'n *societas aequalis et libera* (Schlaich, 1969:14) was, is die eerste op Duitse bodem tot 'n sisteem verwerk. Die kollegialisme het in Duitsland 'n verdere uitloper van die

territoriale sisteem geword. As sodanig het dit voortgebou op die siening van De Groot, Pufendorf, Thomasius en andere (Bouwman, 1928:42). Die eintlike wegbereiders van die kollegialisme tot 'n sisteem was manne soos Pfaff, Mosheim en Boehmer, en veral Schleiermacher wat hom grootliks beywer het vir die toepassing van die kollegialisme in die praktyk (Kleynhans, 1982:84-85; Geldenhuys, 1951:30 ev; Schlaich, 1969:14 ev; De Wet, 1921:21).

Die teelaarde in Duitsland was baie gunstig vir die ontwikkeling van die territoriale en latere kollegiale sisteem, want die tweeryke-leer van Luther het die kerk na sy sigbare sy reeds onder die vleuels van die owerheid geplaas, en so van Christokratiese regering deur die kerk vervreem.

Die territoriale sisteem het egter reeds die basiese kenmerke van die kollegialisme vertoon deurdat die kerk daarin as 'n *collegium* beskou is (De Wet, 1921:25). Volgens die territoriale sisteem waarvan Thomasius die vader genoem kan word, is die kerk 'n genootskap of 'n vereniging in die staat soos ander verenigings, en staan dit onder heerskappy van die staat of vors.

Hierteenoor het Pfaff, Boehmer, Mosheim en Wiese die oorgang na die kollegialisme bewerk, en beklemtoon dat die kerk 'n selfstandige collegium is, wat soos die staat op grond van 'n verdrag van vrye individue ontstaan het (Bouwman, 1928:214 ev; De Wet, 1921:40 ev).

Tot hierdie denke het veral Schleiermacher grootliks bygedra. Hy was van afkoms piëtisties. Die piëtisme in Duitsland het met hulle aksent op die ervaring van die individu en die behoefte van individuele gelowiges om verenigings of konventikels te stig, tot die verenigingsreg bygedra. Dit lei daartoe dat die kerk as vereniging nie meer van buite deur die staat geregeer wil word nie. So moes die territoriale regering plek maak vir die kollegiale regering (Bouwman, 1928:214; De Wet, 1921:50). Die piëtistiese uitgangspunt van Schleiermacher waarvolgens religie nie soseer van God afkomstig is nie, maar voortspruit uit 'n behoefte of ervaring by die mens, het die kerk hiermee van sy unieke aard beroof.

Die verskil tussen die territoriale stelsel en die kollegiale stelsel trek hierin saam dat eersgenoemde meen dat die staat uit eie bevoegdheid die mag tot kerkregering besit, terwyl die kollegiale sisteem glo dat verenigingsreg oorspronklik is, onafhanklik van die staat – gefundeer in die reg van die vrye verdrag van individue. Albei ontken hiermee die Skriftuurlike karakter van die kerk (Bouwman, 1928:215; Eybers, 1934:19-20).

Volgens die kollegiale stelsel besit die staat wel sekere hoogheidsregte oor die kerk soos oor alle ander verenigings, maar nie meer *ius in sacra* nie (wel *ius circa sacra*) (Joubert, 1950:19; Schlaich, 1969:295). Die kerk het op sy beurt sy eie regte verkry deur die reg van selfstandige verdrag deur onderlinge liggame by wyse van die meerderheidswil (Schlaich, 1969:15).

Die Franse Rewolusie het al hierdie rewolusionêre denkbeelde op die kerk toegepas. Rousseau verklaar dat alle menslike samelewingsverbande deur middel van 'n kontrak wat gelyke individue met mekaar aangaan, ontstaan. Volgens die natuurreg regeer elke individu homself en

is daar geen God of gesag oor 'n enkeling nie. Hy het ook geen pligte teenoor God of sy naaste nie, alleen maar regte (Kleynhans, 1982: 84). Die individue delegeer hulle mag deur middel van verkose verteenwoordigers na hoëre en laere besture aan wie hulle die gesag verleen om funksies te verrig. Die hoogste bestuursliggaam is dus uitdrukking van volksoewereiniteit, en die stem van die meerderheid is die stem van God: *vox populi, vox Dei est*.

Die kollegialisme het nie begin deur die Hoofskap van Christus totaal te ignoreer of te verloën nie, maar deur dit te beperk tot die vlak van die geestelike. Hierin sien ons die lyn uit Luther se twee-ryke-leer. Hulle glo dat Christus deur sy Woord en Gees slegs inwendig werk, in die siel van die mens, om sy koninkryk te stig (Kuyper, 1935-36: 20 ev). Pfaff (De Wet, 1921:31) erken dat Christus die Hoof van die kerk is, maar alleen Hoof is van die onsigbare kerk: "das Regimen christocraticum ist spirituale".

Kragtens gewetensvryheid kan die individu Christus wel as Hoof erken, maar in praktyk – volgens die kollegialisme – is iemand verplig om die bepalinge van die sigbare kerkinstituut te gehoorsaam. So is hy nie meer aan Christus nie, maar aan die kerk gehoorsaamheid verskuldig.

Op hierdie wyse is die kerk volgens die gees van die tyd in die agtiende en negentiende eeu van die koninkryk losgemaak. Die liberale teologie gaan immers van die standpunt uit dat Christus nie bedoel het om sy kerk op aarde te stig nie – aangesien koninkryk en kerk van mekaar losgemaak, en die koninkryk totaal vergeestelik is (Linton, 1932:157-183; Du Plooy, 1982:20 ev). Die sigbare kerk is 'n blote menslike instituut – 'n *collegium licitum*.

Die kollegialisme het in feite die onderskeiding tussen die onsigbare en sigbare kerk verander in 'n skeiding, en verder alleen op die sigbare kerk gekonsentreer (Schlaich, 1969:65 ev). Op hierdie wyse is die kerk as liggaam van Christus in twee verskeur (De Wet, 1921:108).

In hierdie uiterlike genootskap wat op die verenigingsreg rus, dra die gemeente die regering aan ampsdraers op. Hulle ontvang nie van God mandaat nie, maar van die gemeente. Die amp is *ecclesia mandatarius* (Schlaich, 1969:100-101). Die amp is slegs 'n genootskapsbeampte wat deur die kerk kragtens die reg van gesagsopdrag geroep is. Hy is verplig om slegs die wil van die gemeente uit te voer (Schlaich, 1969:211, 100, 92). Vanweë die gewetensvryheid van die enkeling waarvolgens hy aan geen gesag behalwe homself gebonde is nie, word die outonomie van die verstand die uitgangspunt (Schlaich 1969:92). Die objektiewe gesag van die belydenisskrifte word afgewys (aw:93) en elke kerkgenootskap kan hom volgens hierdie stelsel na eie goëddunke inrig – afhange van die wil van die meerderheid. Daarom noem Kuyper (1883:52) die kollegialisme 'n verkleurmanneljke-stelsel: op hierdie basis kan enige stelsel van regering ingevoer word, Rooms, Luthers of Presbiteriaal; dit kan 'n konfessionele kerk word, of enige iets anders. Hierdie gewetensvryheid het tot gevolg dat die kollegialistiese kerk in opposisie met homself is, want volgens die wil van die meerderheid kan hy homself verander of vernietig (Van der Walt, 1976:108).

4. OPMERKINGS OOR DIE TOEPASSING VAN DIE KOLLEGIALISME

4.1 *Grondliggende beginsels van die kollegialisme*

Uit bogenoemde uiteensetting het dit reeds geblyk dat die kollegialisme aanvanklik op Duitse bodem ontstaan en toegepas is. Die grondslae was teen die einde van die agtiende en begin van die negentiende eeu vasgelê.

Hierdie beginsels kom kortliks op die volgende neer:

★ *Kerkbegrip*

Die sigbare kerk is van die onsigbare sy van die kerk losgemaak, en ontstaan deur die vrye wil van gewetensvrye individue langs die weg van onderlinge verdrag. Die kerk kan hom plaaslik, streeksgewys en landelik inrig, en so word die gemeentes in die groot geheel van 'n kerk opgelos, soos takke van een boom. Die kerk is geen stigting van God nie, maar 'n vereniging van mense. Geloof en doop bepaal nie lidmaatskap nie, maar die vrywillige besluit van enkelinge volgens die gebruik van aanneming. Die band tussen koninkryk en kerk asook die band tussen die Ou Testamentiese volk van God en die Nuwe Testamentiese kerk is verbreek (vergelyk Nauta, 1957:245-246; De Wet, 1921:102 ev.).

★ *gesagsbegrip*

Die gesag rus in die individu wat saam met ander individue by wyse van verdrag en meerderheidstem bepaal hoe die kerk regeer moet word. Hierdie siening wortel in die rasionalisme en Aufklärung en is verder deur die Franse rewolusie gestimuleer. As gevolg hiervan rus alle outoriteit op die soewereine wil van die individu.

★ *ampsbegrip*

Die ampsbegrip word deur die kerkbegrip en gesagsbegrip bepaal: die gemeente mandateer sommiges met gesag om as hulle gevolmagtigdes op te tree en as organe van die gemeente te dien. In hierdie sin is die ampsdraer eerder amptenaar van 'n genootskap en nie iemand in die diens van Christus nie. Dit lei tot klerikalisme waarvolgens die amptenare van die sinode of topstruktuur die sake van die plaaslike kerke hanteer. Die kerk is volgens die kollegialisme prakties in twee groepe verdeel, naamlik die klerus en die leke, en die ampsdraers is gevolmagtigdes om namens die gemeente op te tree. Hiermee verdwyn die priesterskap van alle gelowiges (De Wet, 1921:122), en moet enkelinge in gesagsposisies die wil van die meerderheid uitvoer. Soos die geval is met die kerk en gesag, is ook die amp van sy goddelike oorsprong berooft.

4.2 *Toepassing van die kollegialisme in Nederland*

In Nederland is die kollegialisme volgens staatswet in 1816 in die kerk ingedra deur middel van die "Algemeen Reglement voor het Bestuur der Hervormde Kerk van het Koninkrijk der Nederlanden" (vergelyk Haijtjema, 1951:41 ev.).

Ons beoog nie om in besonderhede in te gaan op hierdie reglement van 1816 nie, aangesien dit 'n studie op sigself is (vergelyk Van Loon, 1942; Lohman en Rutgers, 1887; Haijtjema, 1951; Eybers, 1934; Hooijer, 1846:24 ev. en andere).

Uit die reglement blyk dit egter duidelik hoe die kollegialistiese beginsels in praktyk toegepas moet word.

Vir Nederland is daar een kerkgenootskap (artikel 1). Die bestuur van die Kerkgenootskap word sinodaal, provinsiaal, klassikaal en gemeentelik uitgeoefen (artikel 3); daar word onderskeid gemaak tussen mindere besture en hoere besture (artikel 5 en andere); die hoogste kerklike bestuur is by die sinode (artikel 16); alle lede van die eerste sinode word deur die koning benoem (artikel 17); die sinode het vaste amptenare (artikel 19); ringe word in die plek van klassisse ingevoer, en ontvang regte in en vir die gemeentes (artikel 78 ev); heel laaste in die reglement word aandag aan die ampte gegee; hulle pligte word deur die sinode (let wel) aan hulle opgedra (artikel 85).

Die deurlopende tendens is dat die kerk soos 'n maatskappy ingerig word waarin die hoofbestuur die onderbesture mandateer (Van der Walt, 1976:111).

In 1816 het die kerk in Nederland 'n meerhoofdige pous ontvang deur samewerking tussen die koning en die sinode, en die doel was onder meer om liefde vir die koning en vaderland te wek (Van der Walt, 1976:112). So is Christus as Hoof deur die reglement van koning Willem I vervang (Van der Walt, 1976).

Die vernaamste verteenwoordiger van die kollegiale kerkreg in Nederland is waarskynlik Royaards (vergelyk De Wet, 1921:73 ev): die menings van Royaards stem presies ooreen met die kollegiale beginsels soos ons dit reeds uiteengesit het. So het De Wet (1921:73 ev) dit reeds aangetoon.

Hoewel hierdie kerkinrigting van 1816 in Nederland op onwettige wyse (Bouwman, 1928:312; Eybers, 1934:39) ingevoer is, het dit gekom om te bly. Die algemene reglement van 1852 het die een van 1816 slegs in geringe mate gewysig met behoud van kollegialistiese beginsels (De Wet, 1921:82 ev).

4.3 Toepassing van die kollegialisme in Suid-Afrika

Dieselfde kollegialistiese kerkreg is in 1804 deur De Mist in Suid-Afrika ingevoer. Hy wou met sy kerkorde, huweliksorde en skoolorde probeer om orde op sake te kry, maar hy was ook kind van sy tyd, uitstekend in Nederland geskool in die kollegialistiese denke en onder die invloed van die rewolusionêre denkbearde oor die kerk. Vir meer besonderhede van hierdie kerkorde, die sogenaamde "provisonele kerkenorde" verwys ons na Hanekom (1951:116 ev), Jooste (1946:78-107) en Kleynhans (1973:23 ev).

Hoewel hy probeer het om die kerk van die staat te skei, het die kerk volgens hierdie kerkorde heeltemal aan die staat ondergeskik geraak (Jooste, 1946:107). Dieselfde het natuurlik in Nederland gebeur.

Uit die aanhef reeds blyk dit dat die godsdiens aan die staat ondergeskik is. Die naam van God is vervang met "een Hoogst Wezen". Verder bestaan die kerkorde uit 52 artikels waarvan die eerste deel oor algemene beginsels en bepalings handel terwyl die tweede hoofdeel voorskrifte bevat vir die bestuur van die toegelate kerkgenootskappe binne die volksplanting.

Jooste (1946:105) maak die opmerking dat die kerk volgens hierdie kerkorde meer na 'n staatsdepartement as na 'n staatskerk gelyk het.

In 1824 het die kerk aan die Kaap op hierdie weg voortgegaan, en sy algemene bepalinge grotendeels ontleen aan die reglement van 1816; in 1842 is getrag om die reglement van 1816 "op den voet te volgen" (Jooste, 1946:141; Kleynhans, 1973:52 ev; ook op p. 110 ev). Kleynhans (1973:129, 135) kom ook tot die konklusie dat die reglemente van 1824 steeds duidelike spore van kollegialisme gedra het. Verder verhaal Kleynhans in sy genoemde proefskrif die kerkregtelike ontwikkeling in die Nederduitse Gereformeerde Kerk tot 1962 waaronder die stryd teen die kollegialisme wat oorspronklik via De Mist se kerkorde in die kerk aan die Kaap ingekom het.

Hoewel daar nie in hierdie voordrag verder daarop ingegaan sal word nie is dit uit die kerkregtelike ontwikkeling van die reformatoriese kerke in Suid-Afrika duidelik dat die kollegialisme sy letsels gelaat het. In 1859 was daar die ontstaan van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika waarvan die eerste in Rustenburg was. Van der Vyver (1958:231 ev) toon aan dat dit toe ook onder meer gegaan het oor die stryd tussen die gereformeerde kerkreg en die kollegiale kerkreg. Kleynhans (1973:135 ev) meen egter dat Van der Vyver te oordrewe is in sy kritiek. Die feit is egter dat die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika en die Nederduitse Gereformeerde Kerk histories bepaalde verbondenhede met die kollegiale kerkreg volgens die reglemente van 1804, 1816, 1824, 1842 gehad het, terwyl die Gereformeerde Kerke reeds in 1859 duidelik gestel het dat hulle die kerkregering volgens die Kerkorde van Dordrecht van 1618/19 wou inrig (vergelyk Spoelstra, 1984:56-69).

Uiteraard het daar heelwat ontwikkeling op kerkregtelike gebied in al die genoemde kerke gekom, en dit is duidelik dat dit steeds 'n stryd teen veral die kollegialistiese beginsels van kerkregering is (Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, acta 1988:691 ev).

3. KRITIESE EVALUERING VAN DIE KOLLEGIALISTIESE KERKBEGRIP, GESAGSBEGRIP EN AMPSBEGRIP

In hierdie paragraaf volstaan ons met enkele kritiese opmerkings vanuit gereformeerde-kerkregtelike hoek oor die kollegialistiese kerkbegrip, gesagsbegrip en ampsbegrip.

In die algemeen is dit opmerklik dat die aanhangers van die kollegialisme hulle feitlik uitsluitlik met die kerk en dan veral nog met die sigbare kerk besig gehou het. Hulle vertrekpunt was dus kerksentrië. Die gesagsbegrip en die ampsbegrip is wesenlik ook vanuit die mens en vir die mens bepaal, en derhalwe humanisties georiënteer. Die vertrekpunte van die reformatoriese kerkreg daarenteen was totaal anders: die gesag van Christus en die verbondenheid van die kerk en die ampte aan Christus as die Hoof van die kerk staan voorop. Derhalwe was die swaartepunt in die reformasie by Christus: Hy stig sy kerk en roep mense in besondere dienste om Hom in en aan die kerk te bedien. Hieraan het die kollegialisme 'n radikale omkering gebring.

★ *Kerkgereg*

Teenoor die kerkgereg van die kollegialisme gaan die gereformeerde kerkgereg uit van die beginsel dat die kerk 'n skepping van God self deur sy Woord en Gees is; dat die onsigbare en sigbare fasette van die kerk nie te skei is nie; dat die kerk van Christus plaaslik selfstandig, maar nie onafhanklik van ander kerke nie, bestaan. Christus regeer sy kerk direk deur sy Woord en Gees, en hierin roep Hy mense in besondere dienste om Hom te bedien. So lê die aksent nie by die individu of by die genootskap of by die sinode nie, maar by die kerk as liggaam van Christus, onder heerskappy van Christus self. Die regering van die kerk is en bly die verantwoordelikheid van die kerk self en wel volgens die geestelike wyse wat Christus as die Hoof van die kerk ons in sy Woord geleer het (Nederlandse Geloofsbelijdenis, artikel 29).

★ *Gesagsbegrip*

Na ons oortuiging het die kollegialisme die kerk fundamenteel aangetas deurdat die gesag van Christus in die sigbare kerk totaal genegeer word. Volgens die Skrif en reformatoriese konfessies setel die gesag in Christus as die enigste Hoof. Hy is nie die hoogste Hoof nie, maar die enigste Hoof. Hy deleger ook nie sy gesag nie, maar gebruik mense om sy gesag te bedien. Die ministeriële gesagsopvatting van die reformasie is deur die kollegialisme verwerp. Die bron van gesag vir die regering van die kerk bly die Woord van God. Daaraan is en moet alles toetsbaar bly.

★ *Ampsbegrip*

Waar die kollegialistiese reglement van 1816 met 'n behandeling van die ampsdraers eindig omdat hulle uitgangspunt primêr kerksentries is, daar begin die reformatoriese kerkgereg met die dienste omdat hierdie regeringsvorm bedieningsentries gerig is. Anders as by die kollegialisme kom die dienste nie uit die gemeente volgens die reg van die individue op nie, maar word hulle geroep en met gawes begiftig om diens aan Christus en sy kerk te verrig. Die ampsdraers by die kollegialisme is organe wat die wil van die genootskap uitvoer, en by die reformatoriese kerkgereg is hulle geroepe dienaars in en vir die opbou van die kerk, en as sodanig aan Christus verantwoording verskuldig.

6. SLOTOPMERKINGS

In soverre 'n mens dan wel van 'n kollegiale kerkgereginstelsel kan praat, is dit duidelik dat ons met Biesterveld en Kuyper (1905:xii) moet saamstem: "van alle afwijkende stelsels is het kollegiale wel het meest viciouse, omdat het de kerk in eene vereeniging, uit vrijen wil geboren, oplost".

Dit het die kerk van sy wortels losgeruk, en 'n losgerukte en verwaarloosde kerk uit die simpatieke sorg en regering van sy enigste Hoof Christus verwyder en aan die willekeur van die mens oorgelewer. Die gevolge in die negentiende en twintigste eeu was verreikend.

Dit is en bly die taak van die gereformeerde kerkgereg om vanuit die Woord en die belydenis en op sterkte van die *ius constituendum* die reg van Christus as Hoof van die kerk na te speur en te dien.

BIBLIOGRAFIE

- Biesterveld, P & Kuijper, HH. 1905. Kerkelijk handboekje. Kampen: Bos.
- Bouwman, H. 1928. Gereformeerde kerkrecht. Eerste deel. Kampen: Kok.
- De Wet, CJH. 1921. Die kollegiale kerkreg. Amsterdam: Bottenburg. 142 p. (Proefskrif (ThD) – Vrije Universiteit te Amsterdam.)
- Du Plooy, A le R. 1982. Kerkverband. 'n Gereformeerde-kerkregtelike studie. Potchefstroom. 453 p. (Proefskrif (ThD) – PU vir CHO.)
- _____. 1988. Die gesag van Christus in enkele kerklike gesagsmodelle. *Koers*, 53(3): 469-485.
- Calvyn, J sj. Institutie of de onderwijzing in de Christelike religie. Amsterdam: Bottenburg.
- Eybers, JH. 1934. Die kerkinrigting van die Nederduitse Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika getoets aan die beginsels van die gereformeerde kerkreg. Schweizer Renek. 218 p. (Proefskrif (DTh) – Universiteit van Suid-Afrika.)
- Geldenhuis, FE o'B. 1951. Die regsposisie van die kerkraad, ring en sinode. Pretoria: Van Schaik. 378 p. (Proefskrif (Doktor in die regswetenskap) – Universiteit van Stellenbosch.)
- Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, 1988. Handeling van die 43e Nasionale Sinode. Potchefstroom: Potchefstroom Herald.
- Haitjema, ThL. 1951. Nederlands Hervormd kerkrecht. Nijkerk: Callenbach.
- Hanekom, TN. 1951. Die liberale rigting in Suid-Afrika. 'n Kerkhistoriese studie. Stellenbosch: Die Christen-Studentevereniging-Maatskappy van Suid-Afrika.
- Hooijer, C. 1846. Kerkelike wetten voor de Hervormden in het koninkrijk der Nederlanden. Zaltbommel: Noman en Zoon.
- Jooste, JP. 1946. Die verhouding tussen kerk en staat aan die Kaap tot die helfte van die 19e eeu. Bloemfontein: Sentrale Pers.
- Joubert, MS. 1950. Kollegialisme as kerkregeringstelsel soos hy hom geopenbaar het in Nederland. 100 p. (Tesis (MDiv) - Universiteit van Suid-Afrika.)
- Kleynhans, EPJ. Die kerkregtelike ontwikkeling van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika – 1795-1962. Stellenbosch. 362 p. (Proefskrif (DTh) – Universiteit van Stellenbosch.)
1982. Gereformeerde kerkreg. Deel I. Pretoria: NG Kerkboekhandel.
- Kuyper, A. 1883. Tractaat van de reformatie der kerken. Amsterdam: Hoveker & Zoon.
- Kuyper, HH. 1935-1936. College-dictaten. Gereformeerde kerkrecht. De groote kerkregtelike stelsels.
- Linton, O. 1932. Das Problem der Urkirche in der neueren Forschung: eine kritische Darstellung. Uppsala: Almqvist & Wiksells.
- Lohman, AF de Savornin & Rutgers, FL. 1887. De rechtsbevoegdheid onzer plaatselijke kerken. Amsterdam: Wormser.
- Nauta, D. 1957. Collegiale stelsel. (In Christelike encyclopedie, II:245-246.)
- Pont, AD sj. Die betekenis van die meerdere vergaderinge ten opsigte van hulle gesag, funksie en handeling in die kerk. *Hervormde Teologiese Studies*, 38 (2 & 3): 104-135.
- Schlaich, K. 1969. Kollegialtheorie Kirche, Recht und Staat in der Aufklarung. *Jus ecclesiasticum* Band 8. München: Claudius.
- Spoelstra, B. 1983. Ongepubliseerde klasdikaat. Teologiese Skool van Hammanskraal. Die invloed van Calvyn op die geldende kerkordes.
1984. Suid-Afrika 1652-1983. *Studia historiae ecclesiasticae*, X: 50-75.
- Van der Vyver, GCP. 1958. Professor Dirk Postma 1818-1890. Potchefstroom: Pro Rege.
- Van der Walt, JJ. 1976. Christus as Hoof van die kerk en die presbiteriale kerkregering. Potchefstroom: Pro Rege.
- Van Loon, JCA. 1942. Het algemeen reglement van 1816. Wageningen: Zomer & Keuning.